

Tema: Die HERE voorsien, kan ons dit raak sien?

Vanoggend gaan ons vanuit Genesis 22 lees. Een van die vreemdste Ouer-kind verhale in die hele Bybel. Tog dink ek dit is belangrik dat ons daaroor gesels. Ek is van die oortuiging dat een van die belangrikste maniere hoe ons 'n wesenlike verskil in die land kan maak, is deur ouers te help om hul rol te verstaan. Om Pa's, Ma's, Boeties en Sussies te verstaan dat hul elkeen 'n unieke rol het om 'n veilige ondersteunende omgewing te skep.

Maar dit bly uitdagend. Want daar is die

- Terrible twos
- Treacherous Threes
- Frightening fours
- Fresh Fives
- Sassy Sixes
- Sarcastic sevens
- En dan iewers hier op Laerskool is die kind in 'n nog groter groep, en voor jy jou oë uitvee is dan het jy 'n screenager in die huis..

En dit voel heeltyd asof jy agterbly. Asof jy net nie heeltemal kan bybly of voorbly nie. En wat moet mens nou doen? Hoe moet mens nou dink.

Ek hoor hierdie week hoe iemand 'n interressante opmerking oor ouerskap maak, hy sê: hy het altyd terwyl hy grootgeword het, geweet sy ouers hou meer van God as wat hulle van hom hou. In Engels sê hy, *when I Grew up, I always knew that my parents loved God more than they loved me.* En hy sê jy moet hom nie verkeerd verstaan nie, hy het geweet sy ouers is baie lief vir hom, bitterlief, hulle sou enigiets vir hom doen, en sy ouers het verstaan dat hul lief is vir God, deurdat hul lief was vir hom. Maar hy het grootgeword, en het altyd geweet daar is hierdie liefde vir God... En dit kom altyd eerste.... Daar is hierdie eerste liefde. Hierdie middelpunt van hulle lewe...

Een van die goed wat my die meeste help is die volgende gedagte van Henri Nouwen... Ek droom oor 'n samelewing waar ons so oor ander mense dink soos ons oor ons kinders dink...

Children are gifts (uit: Here and Now, Living in the Spirit. Henri Nouwen)

Being a parent is like being a host to a stranger. While we may think that our children are like us we are continually surprised at how different they are. We can be gladdened by their intelligence, their artistic gifts or their athletic powers or can be saddened by their slowness in learning, their lack of co-ordination or their "odd" interests. In many ways we don't know our children. We did not create our children nor do we own them. This is good news. We don't need to blame ourselves for all their problems. Nor should we claim for ourselves their successes.

Children are gifts from God. They are given to us so that we can offer them a safe, loving place to grow to inner and outer freedom. They are like strangers who ask for hospitality, become good friends and then leave again to continue their journey. They bring immense joy and immense sorrow precisely because they are gifts. And a good gift, as a proverb says, is "twice given". The gift we receive we have to give again. When our child leaves us to study, to look for work, to marry, to join a community or simply to become independent, sorrow and joy touch each other. Because it is then that we feel deeply that "our" child is not really "ours" but given to us to become a true gift for others.

It is so hard to give our children their freedom – especially in this violent and exploitative world. We so much want to protect them from all possible dangers. But we cannot. They do not belong to us. They belong to God and one of the greatest acts of trust in God is letting our children make their own choices and find their own way.

Dalk is die beste plek vir ons kinders, die beste plek vir die mense wat ons lief is, die veiligste plek wat ons vir hulle kan bied, juis by God. Daardie plek in my gedagtes waar ek sê, ek los jou nou aan die Here se voete. Want ek kan net tot op 'n punt vir jou sorg, ek kan net tot op 'n punt vir jou voorsien...

Ons lees vandag saam vanuit Genesis 22:1-14

Genesis 22
Abraham moet vir Isak offer

- 1- 'n Ruk na die vorige gebeurtenisse het God vir Abraham op die proef gestel en vir hom gesê: "Abraham!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!"
 - 2-God het vir hom gesê: "Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys."
 - 3-Vroeg die volgende môre het Abraham 'n donkie opgesaal en hout gekap vir die brandoffer. Hy het twee slawe saamgevat en ook sy seun Isak. Toe het hy vertrek na die plek toe wat God vir hom aangewys het.
 - 4-Op die derde dag het Abraham die plek uit die verte gesien.
 - 5-Toe sê hy vir sy slawe: "Wag hier met die donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe."
 - 6-Abraham het die hout vir die brandoffer op sy seun Isak se rug getel en self vuur en 'n mes saamgevat. Terwyl hulle twee so saamloop,
 - 7-sê Isak vir sy pa: "Pa?" en Abraham antwoord: "Ja, my seun?" Toe vra Isak: "Hier is vuur en hout, maar waar is die lam om te offer?"
 - 8-Abraham het geantwoord: "My seun, God sal sy eie offerlam voorsien." Daarna het hulle twee saam verder gestap.
 - 9-Toe hulle aankom by die plek wat God vir Abraham aangewys het, het Abraham daar 'n altaar gebou. Hy het die hout reggesit en sy seun Isak vasgebind en op die altaar neergesit, bo-op die hout.
 - 10-Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag,
 - 11-roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: "Abraham, Abraham!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!"
 - 12-Toe sê God: "Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie."
 - 13-Toe Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings in 'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy seun as brandoffer geoffer.
 - 14-Toe noem Abraham die plek: "Die Here voorsien." Daar word nou nog gesê: "Op die berg van die Here word voorsien."
- (Stilte) Water drink

Teks op Bord: Genesis 22:2: God het vir hom gesê: "Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys."

Hierdie is een van daardie verhale, wat mense lees, en dan die Bybel en geloof eenkant toe skuif en sê, hierdie GELOOF, hierdie stories is nie vir my nie... NEE Dankie!! Met so God en so geloof wil ek niks te doen hê nie..... Wat doen God hier? Hoe kan God vir 'n mens vra om sy eie kind- sy belofte- sy droom- te offer? Hoe kan Abraham net loop en dit blindelings volg? Hoe kan Abraham niks vir sy vrou Sara sê nie? Abraham is amper aggressief of irrasioneel. Hoe kan God- soos vir Job- vir Abraham deur so toets sit? Ek kry vir Abraham so jammer- Arme Abraham! Hoe kan so iets van hom verwag word? Dit is asof Abraham net nie bo kan uitkom nie.

Om die verhaal werklik te verstaan moet ons dalk iets van Genesis, en die volk wat in die tyd leef verstaan. Die volk het 'n sekere verstaan van God en die offergawes gehad. Om te offer was om God se guns te kry. God is 'n wese wat kwaad is- en my lewens-motto/lewensdoel is om in God se goeie boekies te kom. Hoe doen ek dit? Ek doen dit deur 'n offer te gee aan God- 'n offer is 'n reuk

waarvan God hou, en dan raak Hy in 'n goeie bui. Soos byvoorbeeld as jy 'n boer is- jy plant die saad in die grond, maar jy kort genoeg reën en sonskyn. Maar jy kan dit nie laat reën nie, en ook nie die son laat skyn nie, so daarom, aan die einde van die oes, vat jy 'n deel daarvan en offer dit vir die een daarbo om dankie te sê, maar ook om te vra dat dit weer genoeg sal reën. So daar was Graanoffers, duif offers (as jy nie baie geld het nie) of ramme of bulle offers. En as jy 'n offer bring, en dit word nie aanvaar nie, dan het jy nie genoeg geoffer nie. Jy moes meer gee, groter gaan. En dit was eintlik die groot ding in daardie tyd. Ek moet meer gee. Ek moet meer doen. My offer moet groter wees. Dit was blykbaar ook nie 'n ongewone ding om jou kind te offer nie, dit was die hoogste offer wat mens aan God kon bring. So die eerste hoorders van hierdie verhaal sou nie noodwendig so geskok en verbaas gewees het oor God wat vir Abraham vra om sy kind te offer, soos wat ons is nie. Daar is baie verhale van eersgeborenes wat geoffer moet word – eersgeborenes wat gesien was as die kosbaarste “besitting”. En dit is wat God verwag het van offers: dat jy jou kosbaarste besitting moet opoffer...

Omdat Abraham dit verstaan het, lees ons dan verder:

3-Vroeg die volgende môre het Abraham 'n donkie opgesaal en hout gekap vir die brandoffer. Hy het twee slawe saamgevat en ook sy seun Isak. Toe het hy vertrek na die plek toe wat God vir hom aangewys het.

4-Op die derde dag het Abraham die plek uit die verte gesien.

Vir drie dae doen Abraham dit soos wat hy dit ken. Jy moet die gode gelukkig hou. Jy moet jou deel bring... En vir drie drae stap hy dalk met die wete dat ek my seun moet laat gaan. Dat ek hierdie stukkie hart wat buite my liggaam rondloop moet offer. Ons lees dan hoe hy vir die manne sê
5-Toe sê hy vir sy slawe: "Wag hier met die donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe."

Het jy dit al ooit in die teks raakgelees? Ek het nog nooit voor hierdie week dit gesien nie. Ek en die seun gaan daar aanbid, en dan kom ONS terug na julle toe... Dit is asof Abraham geweet het, alhoewel hy nie nou kan sien nie, die Here sal voorsien... Of dalk verwys die Ons na God.. Of dalk verwys die seun wat op 'n ander manier saam met hom teenwoordig gaan wees in hierdie proses. Wanneer Abraham en Isak dan die berg op loop, kom die vraag van sy seun, maar Pa waar is die offerlam, en sy Pa antwoord net heeltyd met die woorde:

"My seun, God sal sy eie offerlam voorsien."

Ek kan dink dat hy dit dalk 'n hele paar keer vir homself moes gesê het. Die Here sal voorsien. Die Here sal voorsien.

13-Toe Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings in 'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy seun as brandoffer geoffer.

14-Toe noem Abraham die plek: "Die Here voorsien." Daar word nou nog gesê: "Op die berg van die Here word voorsien."

God wat die offer kom onderbreek en dan self die offer voorsien. Dit sou dalk glad nie sin gemaak het nie, hoe kan God self die offer gee, en dan steeds tevrede en genadig wees. Dit moet tog iets van 'n mens vra? Of hoe? Miskien is dit eintlik wat God vir die volk wou leer. Miskien wou God uitskreeeee: Dit is nie die verhouding wat ek met julle wil hê nie, julle dink verkeerd oor offers, julle dink verkeerd oor My...ek vra nie net nie, ek is die een wat voorsien en wat gee. Soos in vers 8: "My seun, God sal sy eie offerlam voorsien".

Walter Bruggemann skryf dievolgende oor Genesis 22: *In the end, our narrative is perhaps not about Abraham being found faithful. It is about God being found faithful. Die verhaal gaan dalk nie oor wie Abraham is nie- maar oor wie God is.*

Wat is die doel van hierdie verhaal. Wat kan ons tog leer vanuit hierdie wrede onmenslike verhaal? Wat sien ons wanneer ons bietjie verder kyk: Ek sien 'n hele paar goed:

- 1- God is nie soos die ander gode wat net meer en meer wil hê nie. God is nie die een van kindermoord, geweld en haat goedkeur nie. Nee Hy is die God wat uitskree STOP. Tot hiertoe en nie verder nie.... En dan word God die een wat voorsien. Hierdie is nie 'n verhaal oor wat Abraham vir God doen nie, maar liever wat God vir Abraham doen. Nie die God wat net wil hê nie, maar die God wat gee. En die Here wat in oorvloed gee soos wat ons sien wanneer hy vir Abraham later seën. 'Vers 17- Ek sal jou vrugbaar maak en jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die see. Jou nageslag sal die vyande van sy stede in besit neem". En die God wat later aan die kruis ook sy seun vir ons elkeen geoffer het.

So hoekom hierdie vreemde verhaal lees. Hierdie verhaal wat maak dat mense hul Bybels toemaak of hul geloof opgee. En nou verstaan ons die storie beter, maar so what, wat moet ek nou met dit gaan doen?? Ek het hierdie week gedink aan hierdie voorsiener God....

En ek het besef geloof is 'n ernstige ding. My Geloof vra kritiese vrae oor ELKE verhouding in my lewe. My geloof is ernstig, dit vra hoe ek na alles en almal kyk...

Die Hebreeuse woord vir Raah beteken ook om te sien...

En hoe ons loop, en nie voor ons kan sien nie, maar tog ook ons eie berg klim, elke dag, en dalk maar net moet rus in die wete dat die Here sal voorsien.... Die dam is op 5.5% maar die Here sal voorsien..

My kind is vêr weg van my af, ek kan hom of haar nie beskerm nie, maar die Here sal voorsien...

En omdat ons verklaar dat die Here sal voorsien, is daar sekere goed wat ons doodeenvoudig net moet opgee. Moet laat gaan. Want dit is nie meer in ons hande nie, dit is in God se veilige hande.

1. Gee oor aan God – Gee ons gedagtes, drome, lywe oor dat God kan maak soos wat Hy goed dink.

Gee ons hoop wat ons in mense, in situasies, in goeie uitkomst sit oor in God – dat Hy ons hoop is.

2. Gee oor aan die Woord – Ons dae is verskriklik besig; ons moet soos wat ons committed is aan ons werk, aan ons familie, aan lekker goed saam doen, ook committed wees aan God se woord. Ons moet ons tyd oorgee dat ons ook by die Woord kan uitkom.

3. Gee oor vir familie – Maak voorsiening vir mekaar, luister na mekaar se harte, maak tyd vir mekaar, wees gewillig om te deel, vir God is verhoudings belangrik!

4. Gee oor vir jou bure – Leef goed vir mekaar, help as dit nodig is, wees vriendelik, besoek mekaar, deel met mekaar.

5. Gee oor vir die Liggaam van Christus – Deel en dien jou gawes uit binne 'n groter geloofsgemeenskap; raak betrokke by goed, nie om goed te lyk of om jou dag vol te maak nie, maar omdat ons so die liggaam van Christus dien en opbou.

6. Gee oor vir die wêreld daar buite – Moenie onself isoleer nie, wees bereid om God te deel met mense wat anders as ons lyk, ruik, en klink. God is ook vir hulle, en hulle is ook deel van God se familie.

En alhoewel ons die voorsiener God loof en prys, is daar ook sekere goed in my en jou lewe wat ons in plek stel om ons getuienis hieroor te versterk:

Soos byvoorbeeld, om daardie plek in ons lewe wat vir Hom (Vir God) bedoel is, vir Hom daar te hou. Waar plaas ek en jy ons besittings, ons geld, ons status, ons sport, ons stokperdjies, ons werk voor die Here..

- Ek aanbid nie my kind nie, ek aanbid die God wat hierdie kind vir my as geskenk gegee het...
- Ek aanbid nie my huweliksmaat of vriende nie, my vrou, my man, my vriende is nie my alles nie, nee ek aanbid God wat hierdie mense oor my pad geplaas het... Geskenke van hom...
- Ek aanbid nie my werk nie, ek aanbid God wat die werk(hierdie talent om die werk te doen) vir my gegee het.
- Ek aanbid nie die kerk, of die Dominee, of die gebou nie, (we don't worship the worship) ek aanbid die God wat ek kan leer ken en keer op keer herontdek in hierdie ruimte.
- Ek aanbid nie die geskenk nie, ek aanbied die Gewer/God, wat vir my die geskenk gegee het...

So dalk is dit nou vir jou 'n goeie tyd om bietjie na te dink... Of waar God voorsien, en of jy dit kan raaksien? Dalk is jy op die berg, en kan jy nou terugkyk oor hoe hy vir jou voorsien het. OF dalk loop jy nog op met die berg en moet ek jou herinner, dat Hy sal voorsien... He will provide.